Son 17 Januarie(Ps 132:7) Grote, Almagtige, Drie-enige God, ons glo dat U die enigste lewende God is. Ons erken en aanbid U as die bewerker van ons heil. U is die Skepper en die Onderhouer, alles behoort aan U. U is die Koning voor wie elke knie sal moet buig. Uit U en deur U en tot U is alle dinge. Ons loof U heilige Naam.	V	**Son 24 Januarie (Rom 13:8-14, Lied 235)** As gemeente, Here, wil ons vandag ons skuld voor U bely. Ons staan skuldig voor U groot gebod van liefde teenoor U, teenoor ons naaste en onsself. Ons struikel baie kere! U het ons gewys hoe oneindig groot U liefde vir ons is. Leer ons om U met 'n onverdeelde harte lief te hê en opregte liefde vir mekaar te hê.	V	**Son 31 Januarie (1Tim 1:17, Ps 145)** Ewige Koning, U is die onverganklike, onsienbare, enigste God. Aan U kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid. U gee om vir alles wat U gemaak het. U sorg vir almal wat seerkry en tel elkeen op wat swaarkry. U tree altyd reg op en mens kan op U reken. Daar is niemand soos U nie, daarom wil ons U prys en U Naam eer.
Ma 18 Januarie(Rom 8:26-27, Jak5:16) Vader, U het elke mens wat U met soveel sorg gemaak het, oneindig lief en U wil nie hê dat een van hulle verlore sal gaan nie. As daar dalk iemand in ons gemeente of van ons familie is wat nog nie vir Jesus as Verlosser aanvaar het nie, bid ons vandag ernstig dat U Gees kragtig in hul sal werk en hul sal oortuig van U liefde en U genade.	O	**Ma 25 Januarie (Kol 3:10-17, 1Petr 4:8-10)** Ewige God, laat U kerk – waarvan ons gemeente deel is – meer warmte en vriendelikheid uitstraal na vreemdelinge. Gee dat nuwelinge welkom en tuis sal voel in ons midde en laat ons moeite doen om hulle in te skakel. Maak ons gasvry en opreg, sodat ons beelddraers van U genade sal wees. Laat ons tog nie mense van U kerk af wegstoot deur ons optrede nie.	O	**Ma 1 Februarie (Titus 3:4-8, Fil 2:15-16)** Ons Verlosser, ons dra die getuienisbediening aan U op. U het U goedheid en U liefde aan die mensdom bewys. U het ons verlos, nie op grond van iets wat ons gedoen het nie, maar op grond van U ontferming. U het ons deur Jesus Christus vrygespreek. Laat ons van U goedheid getuig! Laat ons soos helder ligte in 'n donker wêreld skyn, sodat ander ook die lewe kan kry.
Di 19 Januarie(Jer 29:11-14, Deut 8:6-11) God wat voorsien, baie dankie dat daar tekens is dat die ekonomie besig is om te verbeter. Seën ons asb hierdie jaar met genoeg werksgeleenthede, met goeie reën en gunstige weer, met goeie oeste en voldoende voedsel vir al ons mense. Bewaar ons asb van spandabelrigheid of gierigheid. Dankie vir U goedheid.	L	**Di 26 Januarie (1Joh 2:27, Rom 15:13)** Baie dankie, Here, dat U die seerkry van die lewe weer gesond maak! Ons bid vir almal wat swaarkry in hul verhoudings, by hul werk, in hul geloofslewe of persoonlikheidsontwikkeling as gevolg van dinge wat in die verlede met hul gebeur het of onreg wat hulle aangedoen is. Laat U Gees hulle vrymaak van alles wat hulle strem om 'n gelukkige en vreugdevolle lewe te ervaar.	L	**Di 2 Februarie (Mark 10:46-52)** Here Jesus, U het soveel jammerte vir mense wat siek is en wat swaarkry. Ons weet ook dat niks vir U onmoontlik is nie. Daarom kom ons in vertroue na U toe en bid vir genesing van die siekes in ons gemeente. In die gevalle waar U wil of U tyd anders is, vra ons dat U die lyding sal verlig en dat U genade genoeg sal wees.
Woe 20 Januarie(Rom 8:8-9, Rom 12:1-2, Gal 5:16) Heilige Gees, neem U asb ten volle beheer oor in ons gemeente. Werk asb in elke lidmaat se hart sodat ons bereid sal wees om toe te laat dat U ons sal verander deur ons denke te vernuwe. Wek in ons die begeerte om meer tyd met U en met U Woord deur te bring. Laat ons geestelik groei sodat ons meer en meer U beeld gelykvormig sal word	H	**Wo. 27 Januarie (Ef 4:23, 2Tess 3:5, 1Kor 14:20, 2Kor 10:4-5)** Heilige Gees, maak U asb ons gees en ons gedagte nuut. Rig asb ons gedagtes op die liefde van God en die volharding van Christus. Help ons om nie onvolwasse te wees in ons denke nie, want dit kan ons op 'n dwaalspoor laat beland en laat struikel. Laat ons eerder elke gedagte gevange neem om dit aan Christus gehoorsaam te maak.	H	**Wo 3 Februarie (Ef 4:29, Jak 1:26 en 3:5-12)** Here, leer ons asb om altyd eers te dink voordat ons praat. Ons sê so maklik in die hitte van die oomblik dinge wat ander diep seermaak en wat kinders vir die res van hul lewens nadelig beïnvloed. Sit asb 'n wag voor ons mond dat ons nie U Naam ydelik sal gebruik of sal vloek en vuil grappe vertel nie. Help ons om nie leuens te vertel of te skinder nie. Laat ons woorde opbouend en positief wees.
Do 21 Januarie (Openb 3:8) Here, dankie vir nog 'n jaar vol geleenthede wat U vir ons gee om saam met U te werk aan die uitbreiding van U Koninkryk. Ons voel opgewonde om die pad saam met U te stap en ons kyk op na U vir leiding. Ons is gewillig om te doen wat U op ons harte lê en ons vertrou dat U ons elkeen sal toerus vir ons taak. Dankie dat U saam met elke opdrag ook die krag daarvoor gee.	A	**Do. 28 Januarie (Kol 3:12-17)** Leermeester, ons bid vir al die leiers van al die verskillende aksies en bedieninge in ons kerk. Laat die boodskap van Christus in sy volle rykdom uit hulle lewens uitstraal sodat U alle eer sal ontvang. Laat hulle omgee vir ander mense, maak hulle nederig, sagmoedig, goedgesind en verdraagsaam. Help hulle om geduld te hê met ander se foute. Maak hulle dankbaar, getrou en liefdevol. In Jesus se Naam.	A	**Do 4 Februarie (Fil 2:3-8, Rom 12:17, Rom 14:19)** Heilige Gees, bewerkstellig asb in ons harte 'n positiewe gesindheid. Leer ons om nederig te wees sodat dieselfde gesindheid wat daar in Christus was, ook in ons sal wees. Maak ons goedgesind teenoor alle mense, en laat gelowiges eensgesind wees. Laat ons ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder.
Vry 22 Januarie (Ef 6:4, Spr 13:12) Here, U ken elke kinderhartjie, U weet van elkeen se bangwees en onseker gevoelens. Ons dra elke kind aan U op; ook die groter kinders en jongmense wat nou 'n nuwe studiejaar tegemoet gaan. Maak dit asb rustig in hul harte in die wete dat U altyd by hulle is. Gee asb vir hulle die moed en die krag om elke taak met oorgawe aan te pak en deur te voer. Lei ook die ouers en onderwysers om hulle verantwoordelikheid as opvoeders altyd in liefde uit te voer, selfs wanneer dissipline nodig is.	R	**Vry 29 Januarie (1Kor 15:58, Gal 4:6-7)** Here ons God, ons dra met groot erns die jeugbediening met al sy onderafdelings en aksies aan U op. Ons kort nog mense om behulpsaam te wees met hierdie belangrike werk. Daarom vra ons dat U self mense sal roep en inspireer; dat U hulle 'n passie sal gee vir die geestelike opvoeding van die jeug. Seën asb al die betrokkenes se arbeid sodat dit sal lei tot die uitbreiding van U Koninkryk.	R	**Vry 5 Februarie (Ef 1:1-14, Rom 11:16, Ps 48:11-14)** Hoe bevoorreg is ons en ons kinders nie, Here, om deel te wees van 'n christelike huisgesin waar ons van kleins af kan leer wat Jesus als vir ons gedoen het! Seën asb elke gesin en elke verbondskind. Herinner die ouers elke dag aan die doopgelofte, sodat hulle in hul voorbeeld en in die opvoeding van hul kinders gehoorsaam sal wees aan U. Dankie dat ons aan U behoort en dat U vir ons goed is.
Sat 23 Jan(Rom 12:6-8, Gal 5:22) Alwyse God, dit is met groot erns dat ons vandag al ons leraars aan U opdra. Maak hulle hande hierdie jaar sterk sodat hulle goeie herders sal wees. Skenk asb aan hulle die gawes van helder en suiwer woordverkondiging, van kennis en wysheid, van onderskeiding, bemoediging, geloof en leierskap. Laat die vrug van die Gees steeds meer sigbaar word in hul bediening.	D	**Sat 30 Januarie (Jak 4:13-17, 1Tim 3:14-16)** Almagtige God, wees asb met ons Kerkraad wat 'n groot verantwoordelikheid het om die gemeente te bestuur en wat belangrike besluite moet neem. Laat hulle altyd U leiding vra in elke saak. Openbaar U wil aan hulle sodat hulle die draers en beskermers van U waarheid sal wees. Wys U asb baie duidelik vir ons gemeente die koers aan.	D	**Sat 6 Februarie (Ef 6:10-20, 1Kor3:7-9, Hebr 13:21)** Onse Here, U is die Hoof van U kerk, en U roep mense wat U uniek gemaak het, wat elkeen van die ander verskil, om saam te werk in gemeentes. Wees asb met ons leraarspan! Lei hulle en vorm hulle in U groot alwysheid om soos 'n simfonie orkes in harmonie met mekaar en met die lidmate saam te werk sodat dit U sal behaag en die klanke sal uitstuur wat goed is vir die gemeente en vir die uitbreiding van U koninkryk.